# Moenie dié stap onderskat

Op 'n plaas is 'n hond nie net 'n troeteldier nie – hy of sy is 'n werker, 'n beskermer en dikwels 'n ekstra paar oë en ore vir sy eienaar. Daardie vermoë begin reeds in die eerste paar weke van 'n hondjie se lewe, wanneer elke nuwe reuk, klank en oppervlak op die plaas sy of haar brein help vorm. Wat vroeg verkeerd of reg ervaar word, kan later die verskil beteken tussen 'n selfversekerde werkhond en 'n angstige of onvoorspelbare een.




Monique de Jager, naasregs, is 'n dieregedragskundige en opleier by Jurassic Bark in Pretoria. *FOTO: VERSKAF*

Die sosialisering van plaashonde verwys na die doelgerigte blootstelling van 'n hondjie aan die plaasomgewing, mense, diere en klanke op 'n manier wat veiligheid en vertroue bou. Dié deurslaggewende ontwikkelingsfase strek ongeveer van week drie tot week twaalf, wanneer die brein besonder vatbaar vir indrukke is.

Gedurende hierdie tydperk ontwikkel die brein teen 'n vinnige tempo, en elke ervaring laat 'n langtermynindruk op gedrag en emosionele reaksies. Nuwe ervarings word vinnig vasgelê as veilig of onveilig, en dit vorm latere reaksies op alles, van skape tot trekkers.

Volgens Monique de Jager, dieregedragskundige en opleier by Jurassic Bark in Pretoria, is dit juis hierdie fase wat bepaal of 'n plaashond later sy werk met kalmte en konsentrasie kan doen, of met vrees en reaktiwiteit.

"Mense dink dikwels 'n goeie werkhond word net 'geteel'," sê sy. "Maar hy word eintlik gevorm deur sy eerste blootstellings aan die wêreld."

## Sosialisering op die plaas

Baie boere maak die fout om te dink sosialisering beteken dat 'n hondjie sommer tussen die vee of voertuie moet "inklim" en self gewoond raak daaraan.

"Sosialisering gaan nie oor oorweldiging nie. Dit gaan oor beheerde blootstelling waar die hond kan dink en keuses kan maak," sê Monique.

## Wanneer begin jy met plaasblootstelling?

Hondjies verlaat gewoonlik hul ma op ongeveer agt weke. Teen daardie tyd het hulle reeds belangrike gedrag geleer, soos byt-inhibisie en basiese sosiale grense.

Sodra inentings begin en 'n week verloop het, kan blootstelling aan die plaasomgewing begin. Dit moet egter stadig en doelbewus geskied.

"Die hond moet nie summier in die middel van 'n trop skape ingegooi word nie," sê Monique. "Hy moet eers van 'n afstand leer kyk, ruik en verstaan."

Op 'n plaas is stimuli intens: skape wat blêr, windpompgeluide, trekkers, honde wat blaf, en selfs bewegende skaduwees.

Positiewe assosiasie is hier uiters belangrik. Wanneer 'n hondjie iets nuuts sien en iets goeds ervaar – soos 'n lekkerny of rustige aanmoediging – begin sy brein dit as veilig vaslê.

"Jy leer die hond: Hierdie klank of reuk voorspel goeie dinge," sê sy.

'n Skaapvel, byvoorbeeld, kan gebruik word om geur aan beloning te koppel. Later kan dit oorspoel na lewende vee, waar die hond reeds emosioneel voorbereid is om kalm te bly.

## Keuse is belangriker as beheer

Monique beklemtoon dat keuse 'n groot rol speel in suksesvolle sosialisering.

"Jy kan nie 'n werkhond dwing om dapper te wees nie. Jy kan hom net leer dat daar geen rede is vir vrees nie."

As 'n hond gedwing word om naby vee te kom voordat hy gereed is, kan dit vrees eerder versterk as verminder.

## Kinders en vee en ander honde

Op plase is kinders dikwels deel van die omgewing. Bekendstelling moet kalm, stadig en voorspelbaar wees. Die hond moet altyd kan wegbeweeg indien hy onseker voel.

Dieselfde geld vee. Nie alle honde is van nature geskik vir veewerk nie, en ras speel 'n groot rol. Sommige rasse is meer geneig tot jaaggedrag, terwyl ander meer beheer en konsentrasie toon.

## Wat gebeur as sosialisering misluk?

Wanneer die deurslaggewende sosialiseringsfase misgeloop word, kan honde later in 'n toestand van deurlopende spanning leef. Hulle kan voertuie, vee of mense as bedreigings ervaar en in veg-of-vlug-gedrag vasval. "Daardie honde leer nie regtig nie," sê Monique. "Hulle reageer net."

Ouer werkhonde kan nog leer, maar die proses verander. Gewoondmaking, desensitisering en teenkondisionering word dan gebruik om emosionele reaksies te herbedraad. Dit verg egter meer tyd en herhaling as vroeë sosialisering.

## Die kern vir boere

Uiteindelik gaan goeie plaashond-sosialisering oor meer as gehoorsaamheid. Dit gaan oor emosionele stabiliteit in 'n komplekse, raserige en dinamiese omgewing.

'n Goed gesosialiseerde plaashond is nie net 'n beter werker nie – hy is 'n hond wat sy werk kan doen sonder voortdurende vrees. En volgens Monique begin daardie fondament lank voordat die hond ooit sy eerste skaapkraal sien. **LBW**

NAVRAE: Web: **jurassicbark.co.za**